Library

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGEGEE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**1/- Dinsdag, 23 Julie 1946. WINDHOEK Tuesday, 23rd July, 1946. No. 1262**

INHOUD

*Bladsy*

GOEWERMENTSKENNISGEWING—

No. 204. Ordonnansie No. 15 van 1946: Uitvaardiging van . . 8613

CONTENTS

*Page*

GOVERNMENT NOTICE—

No. 204. Ordinance No. 15 of 1946: Promulgation of . . 8613

## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 204.] [23 Julie 1946.

ORDONNANSIE 1946: UITVAARDIGING VAN

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansie, wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet—

| *No.* | *Titel.* | *Bladsy.* |
|---|---|---|
| 15. | Ordonnansie op Koöperatiewe Verenigings, 1946 | 8614 |

## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 204.] [23rd July, 1946.

ORDINANCE, 1946: PROMULGATION OF

His Honour the Administrator has been pleased to assent in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

| *No.* | *Title.* | *Page.* |
|---|---|---|
| 15. | Co-operative Societies Ordinance, 1946 . . | 8614 |

No. 15 van 1946.]

# ORDONNANSIE

Tot konsolidasie en wysiging van die wette betreffende die oprigting, registrasie, bestuur en likwidasie en ontbinding van koöperatiewe verenigings en koöperatiewe maatskappye, en om voorsiening te maak vir daarmee in verband staande sake.

*(Goedgekeur 18 Julie 1946.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg:—

INLEIDINGSBEPALINGS.

1. Hierdie Ordonnansie word ingedeel in nege Hoofstukke, wat respektiewelik oor die volgende onderwerpe handel:—

Hoofstuk I. Oprigting van Verenigings en Maatskappye. (Artikels *vier* tot *elf.*)

Hoofstuk II. Registrasie van Verenigings en Maatskappye. (Artikels *twaalf* tot *negentien.*)

Hoofstuk III. Aanspreeklikheid van Lede en Kapitaal. (Artikels *twintig* tot *vyf-en-twintig*).

Hoofstuk IV. Verbande en Obligasies. (Artikels *ses-en-twintig* tot *negen-en-twintig.*)

Hoofstuk V. Bestuur van Verenigings en Maatskappye. (Artikels *dertig* tot *twee-en-vyftig.*)

Hoofstuk VI. Oprigting van Sentrale en Federale Koöperatiewe Maatskappye met Beperkte Aanspreeklikheid. (Artikels *drie-en-vyftig* tot *nege-en-vyftig.*)

Hoofstuk VII. Likwidasie en Ontbinding van Verenigings en Maatskappye. (Artikels *sestig* tot *nege-en-tagtig.*)

Hoofstuk VIII. Toepassing van Ordonnansie op Koöperatiewe Verenigings en Maatskappye kragtens 'n ander wet opgerig en geregistreer voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie. (Artikels *negentig* tot *drie-en-negentig.*)

Hoofstuk IX. Algemene en Aanvullende Bepalings. (Artikels *vier-en-negentig* tot *honderd een-en-twintig.*)

Hoofstuk X. Unie-verenigings en -maatskappye. (Artikels *honderd een-en-twintig* tot *honderd nege-en-twintig*).

2. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Ordonnansie—

„Registrateur", die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings aangestel kragtens artikel *drie;*

„koöperatiewe landbouvereniging met onbeperkte aanspreeklikheid" of „koöperatiewe landbouvereniging" of „vereniging" (met betrekking tot 'n koöperatiewe landbouvereniging), 'n vereniging opgerig vir een of meer van die in artikel *ses* vermelde doeleindes;

„koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid" of „koöperatiewe landboumaatskappy" of „maatskappy" (met betrekking tot 'n koöperatiewe landboumaatskappy), 'n maatskappy opgerig vir een of meer van die in artikel *ses* vermelde doeleindes;

No. 15 of 1946.]

# ORDINANCE

To consolidate and amend the laws relating to the formation, registration, management and winding-up and dissolution of co-operative societies and co-operative companies, and to provide for matters incidental thereto.

*(Assented to 18th July, 1946.)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

INTRODUCTORY.

1. This Ordinance is divided into nine chapters, which relate to the following matters, respectively:—

Chapter I. Formation of Societies and Companies. (Sections *four* to *eleven.)*

Chapter II. Registration of Societies and Companies. (Sections *twelve* to *nineteen.*)

Chapter III. Liability of Members and Capital. (Sections *twenty* to *twenty-five.*)

Chapter IV. Mortgages and Debentures. (Sections *twenty-six* to *twenty-nine.*)

Chapter V. Management of Societies and Companies. (Sections *thirty* to *fifty-two.*)

Chapter VI. Formation of Central and Federal Co-operative Companies with Limited Liability. (Sections *fifty-three* to *fifty-nine.*)

Chapter VII. Winding-up and Dissolution of Societies and Companies. (Sections *sixty* to *eighty-nine.*)

Chapter VIII. Application of Ordinance to Co-operative Societies and Companies formed and registered under some other law before the commencement of this Ordinance. (Sections *ninety* to *ninety-three.*)

Chapter IX. General and Supplementary Provisions. (Sections *ninety-four* to *one hundred and twenty-one.*)

Chapter X. Union Societies and Companies (sections *one hundred and twenty-one* to *one hundred and twenty-nine*).

2. In this Ordinance, unless inconsistent with the context—

"Registrar" means the Registrar of Co-operative Societies appointed under section *three;*

"co-operative agricultural society with unlimited liability" or "co-operative agricultural society" or "society" (in relation to a co-operative agricultural society) means a society formed for all or any of the objects set out in section *six;*

"co-operative agricultural company with limited liability" or "co-operative agricultural company" or "company" (in relation to a co-operative agricultural company) means a company formed for all or any of the objects set out in section *six;*

„spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid" of „spesiale koöperatiewe boeremaatskappy" of „maatskappy" (met betrekking tot 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy), 'n maatskappy opgerig vir een of meer van die artikel *sewe* vermelde doeleindes:

„koöperatiewe handelsvereniging met beperkte aanspreeklikheid" of „koöperatiewe handelsvereniging'" of „vereniging" (met betrekking tot 'n koöperatiewe handelsvereniging), 'n vereniging opgerig vir een of meer van die in artikel *elf* vermelde doeleindes;

„raad", die raad van direkteure van 'n vereniging of maatskappy;

„sentrale koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid" of „sentrale koöperatiewe landboumaatskappy" of „sentrale maatskappy" of „maatskappy" (met betrekking tot 'n sentrale koöperatiewe landboumaatskappy), 'n sentrale koöperatiewe landboumaatskappy opgerig kragtens die bepalings van artikel *drie-en-vyftig;*

„sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid" of „sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy" of „federale maatskappy" of „maatskappy" (met betrekking tot 'n sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy), 'n sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy opgerig kragtens die bepalings van artikel *drie-en-vyftig;*

"sentrale koöperatiewe handelsmaatskappy met beperkte aanspreeklikheid" of „sentrale koöperatiewe handelsmaatskappy" of „sentrale maatskappy" of „maatskappy" (met betrekking tot 'n sentrale koöperatiewe handelsmaatskappy), 'n maatskappy opgerig kragtens die bepalings van artikel *vier-en-vyftig;*

„federale koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid" of „federale koöperatiewe landboumaatskappy" of „federale maatskappy" of „maatskappy" (met betrekking tot 'n federale koöperatiewe landboumaatskappy), 'n federale koöperatiewe landboumaatskappy opgerig kragtens die bepalings van artikel *vyf-en-vyftig;*

„federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid" of „federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy" of „federale maaatskappy" of „maatskappy" (met betrekking tot 'n federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy), 'n federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy opgerig kragtens die bepalings van artikel *vyf-en-vyftig;*

„federale koöperatiewe handelsmaatskappy met beperkte aanspreeklikheid" of „federale koöperatiewe handelsmaatskappy" of „federale maatskappy" of „maatskappy" (met betrekking tot 'n federale koöperatiewe handelsmaatskappy), 'n maatskappy opgerig kragtens die bepalings van artikel *ses-en-vyftig;*

„lening," 'n bedrag opgeneem of geleen in die vorm van lenings terugbetaalbaar op 'n vasgestelde datum of in paaiemente of in die vorm van bankoortrekkings of kaskredietrekenings of in die vorm van uitgereikte obligasies;

„modelregulasies", die modelregulasies deur die Administrateur kragtens artikel *veertien* voorgeskrywe;

„regulasies", met betrekking tot 'n vereniging of maatskappy, die ingevolge hierdie Ordonnansie geregistreerde regulasies of wysigings of aanvullings daarvan.

3. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd, met inagneming van die wette wat die Staatsdiens van die Unie van Suid-Afrika reël, 'n amptenaar aanstel genoem die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

(2) Vir die registrasie van koöperatiewe verenigings en maatskappye en vir die ander doeleindes van hierdie Ordonnansie, word in Windhoek 'n kantoor gestig, wat deur die registrateur bestuur word.

(3) Die registrateur moet in die deur die Administrateur van tyd tot tyd voorgeskrewe vorm 'n register hou van verenigings en maatskappye geregistreer kragtens een of ander bepaling van hierdie Ordonnansie, en moet die bevoegdhede uitoefen en die pligte vervul wat deur hierdie Ordonnansie of 'n wysiging daarvan aan hom opgedra word.

(4) Die Administrateur kan van tyd tot tyd, met inagneming van die wette wat die Staatsdiens van die Unie van Suid-Afrika reël, 'n amptenaar aanstel genoem die Assistent-Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

(5) Die assistent-registrateur is bevoeg om enige handeling te verrig wat wettig deur die registrateur verrig kan word.

(6) Wanneer in 'n wet 'n registrateur van koöperatiewe verenigings aangestel kragtens 'n wet wat deur hierdie Ordonnansie herroep word, vermeld word, word die registrateur van koöperatiewe verenigings aangestel kragtens hierdie artikel geag bedoel te wees.

"farmers' special co-operative company with limited liability" or "farmers' special co-operative company" or "company" (in relation to a farmers' special co-operative company) means a company formed for all or any of the objects set out in section *seven;*

"co-operative trading society with limited liability" or "co-operative trading society" or "society'" (in relation to a co-operative trading society) means a society formed for all or any of the objects set out in section *eleven;*

"board" means the board of directors of a society or company;

"central co-operative agricultural company with limited liability" or "central co-operative agricultural company'" or "central company" or "company" (in relation to a central co-operative agricultural company), means a central co-operative agricultural company formed under the provisions of section *fifty-three;*

"central farmers' special co-operative company with limited liability" or "central farmers' special co-operative company" or "central company" or "company" (in relation to a central farmers' special co-operative company) means a central farmers' special co-operative company formed under the provisions of section *fifty-three;*

"central co-operative trading company with limited liability" or "central co-operative trading company" or "central company" or "company" (in relation to a central co-operative trading company) means a company formed under the provisions of section *fifty-four;*

"federal co-operative agricultural company with limited liability" or "federal co-operative agricultural company" or "federal company" or "company" (in relation to a federal co-operative agriculture company) means a federal co-operative agricultural company formed under the provisions of section *fifty-five;*

"federal farmers' special co-operative company with limited liability" or "federal farmers' special co-operative company" or "federal company" or "company" (in relation to a federal farmers' special co-operative company) means a federal farmers' special co-operative company formed under the provisions of section *fifty-five;*

"federal co-operative trading company with limited liability" or "federal co-operative trading company" or "federal company" or "company" (in relation to a federal co-operative trading company) means a company formed under the provisions of section *fifty-six;*

"loan" means any amount raised or borrowed in the form of loans repayable on a fixed date or in instalments, or in the form of overdrafts or cash credit accounts, or in the form of debentures issued;

"model regulations" means the model regulations prescribed by the Administrator under section *fourteen;*

"regulations" means in relation to a society or company, the regulations or any alterations thereof or additions thereto registered in accordance with this Ordinance.

3. (1) Subject to the provisions of the laws governing the public service of the Union of South Africa, the Administrator may from time to time appoint an officer styled the Registrar of Co-operative Societies.

(2) There shall be established in Windhoek an office for the registration of co-operative societies and companies and for the other purposes of this Ordinance, which shall be under the control of the registrar.

(3) The registrar shall keep, in the form from time to time prescribed by the Administrator, a register of societies and companies registered under any provision of this Ordinance and exercise the powers and perform the duties assigned to him by this Ordinance or any amendment thereof.

(4) Subject to the provisions of the laws governing the public service of the Union of South Africa, the Administrator may from time to time appoint an officer styled the Assistant Registrar of Co-operative Societies.

(5) The assistant registrar shall have power to do anything which may lawfully be done by the registrar.

(6) Any reference in any law to any registrar of co-operative societies appointed under any law repealed by this Ordinance shall be construed as a reference to the registrar of co-operative societies appointed under this section.

(d) om voedingstowwe, misstowwe of ander boerderybenodigdhede te vervaardig of te bewerk;

(e) om ten behoewe van sy lede landbougereedskap of -masjinerie aan te koop of op ander wyse te verkry of te huur, en te gebruik;

(f) om ten behoewe van sy lede aanteelvee aan te koop of op ander wyse te verkry of te huur, en te gebruik en te beheer;

(g) om volgens 'n koöperatiewe stelsel winkels te verkry, te open en aan te hou om landbou- en lewende-hawe-produkte, landbougereedskap en -masjinerie en boerderybenodigdhede van die hand te sit en te lewer;

(h) om koelkamers vir die produkte van sy lede aan te koop, te bou of op ander wyse te verkry, of te huur, en beskikbaar te stel;

(i) om bespuiting of skoonmaak van boomgaarde, verpakking van vrugte, ploeg- en ander boerderywerksaamhede volgens 'n koöperatiewe stelsel ten bate van sy lede te onderneem en voort te sit;

(j) om volgens 'n koöperatiewe stelsel verskepings-, uitklarings- en versendingswerk ten behoewe van sy lede te verrig en om vir daardie doel agentskappe in die Gebied en elders te stig;

(k) om bekwame persone aan te stel om sy doeleindes uit te voer en sy lede te onderrig en met advies te dien aangaande boerdery;

(l) om inligting in te win en te versprei aangaande die beste manier om op voordelige wyse te boer;

(m) om inligting aangaande die wêreldmarke en aangaande koöperasie in die algemeen in te win en te versprei;

(n) om roerende en onroerende goed te verkry deur aankoop of op ander wyse, en te huur, ten einde een of ander doel van die vereniging of maatskappy beter te kan uitvoer, en om sulke goed van die hand te sit of te verhuur;

(o) om geld op lening op te neem vir enigeen van die wettige doeleindes van die vereniging of maatskappy en te dien einde die roerende en onroerende goed van die vereniging of maatskappy te verhipotekeer;

(p) om versekering van oeste, produkte, lewende hawe en landbougereedskap en -masjinerie volgens 'n koöperatiewe stelsel te onderneem en voort te sit, of om as agent vir enige van sy lede ten opsigte van sodanige versekering op te tree;

(q) om deur aankoping of op ander wyse aandele te verwerf in 'n sentrale of federale koöperatiewe landboumaatskappy of 'n sentrale of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy opgerig kragtens die bepalings van Hoofstuk VI van hierdie Ordonnansie, of in 'n ander koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid of 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid geregistreer ingevolge hierdie Ordonnansie of in 'n deur die Administrateur goedgekeurde koöperatiewe handelsvereniging of sentrale of federale koöperatiewe handelsmaatskappy;

(r) om boerderyondernemings te drywe en om die produkte van sodanige ondernemings volgens 'n koöperatiewe stelsel van die hand te sit;

(s) om aan sy lede geld voor te skiet op produkte wat deur hulle aan hom afgelewer is;

(t) om aan sy lede geld voor te skiet op produkte wat nie deur hulle aan hom afgelewer is nie, hetsy daardie produkte reeds voortgebring of ingesamel is of nog voortgebring of ingesamel moet word, al dan nie; en

(u) om alle ander dinge te doen wat volgens oordeel van die Administrateur aan die verwesenliking van bovermelde doeleindes verbonde is of daartoe sal bydra.

(2) Behoudens die bepalings van artikel *nege,* artikel *tien,* paragraaf (c) van die voorbehoudsbepaling tot subartikel (1) van artikel *negentig* en artikel *honderd-en-twee* van hierdie Ordonnansie mag geen koöperatiewe landbouvereniging of -maatskappy met die produkte of lewende hawe van iemand wat nie lid van daardie vereniging of maatskappy is nie, handel nie, of, aan so iemand boerderybenodigdhede verstrek nie, of, behalwe vir lewering aan sy lede, van so iemand produkte of lewende hawe koop nie, of ander dienste wat ingevolge sy regulasies vir lede verrig kan word vir so iemand verrig nie, tensy die Administrateur daartoe skriftelik toestemming verleen het, en wel onder voorwaardes en vir solank as wat hy mag bepaal.

**7.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie, kan 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid vir een of meer van die volgende doeleindes opgerig word, te wete:—

(a) om volgens 'n koöperatiewe stelsel die besigheid van handelaars in landbouprodukte of lewende hawe te drywe;

(d) to manufacture or treat feeding stuffs, manure or other farming requisites;

(e) to purchase or otherwise acquire or to hire, and to work on behalf of its members, agricultural implements or machinery;

(f) to purchase or otherwise acquire or to hire, and to use and control on behalf of its members, breeding stock;

(g) to acquire, commence and carry on supply stores under a co-operative system for disposing of and supplying agricultural and livestock products, agricultural implements and machinery and farming requisites;

(h) by purchase, construction or otherwise to acquire or to hire, and make available cold storage for the products of its members;

(i) to commence and carry on orchard spraying or cleansing, fruit packing, ploughing and other farming operations for its members under a co-operative system;

(j) to carry on the business of shipping, clearing and forwarding for its members under a co-operative system, and for that purpose to establish agencies in the Territory and elsewhere;

(k) to engage competent persons to carry out any of its objects and to give instruction and advice to its members on farming operations;

(l) to acquire and distribute information as to the best manner of carrying on farming operations profitably;

(m) to acquire and distribute information on the markets of the world, and on co-operation in general;

(n) to acquire by purchase or otherwise, and to hire, movable and immovable property for the better carrying out of any of the objects of the society or company, and to dispose of or let such property;

(o) to raise money on loan for any of the lawful objects of the society or company and for that purpose to mortgage the movable and immovable property of the society or company;

(p) to commence and carry on under a co-operative system the insurance of crops, produce, livestock and agricultural implements and machinery, or to act as the agent of any of its members in respect of such insurance;

(q) to acquire by purchase or otherwise shares in any central or federal co-operative agricultural company or any central or federal farmers' special co-operative company formed under the provisions of Chapter VI of this Ordinance or in any other co-operative agricultural company with limited liability or farmers' special co-operative company with limited liability registered under this Ordinance, or in any co-operative trading society or central or federal co-operative trading company approved by the Administrator;

(r) to carry on farming operations and to dispose of the products of such operations under a co-operative system;

(s) to advance money to its members on produce delivered by them to it;

(t) to advance money to its members on produce not delivered by them to it, whether or not that produce has been or is still to be produced or gathered; and

(u) to do all such other things as in the opinion of the Administrator are incidental or conducive to the attainment of any of the abovementioned objects.

(2) Subject to the provisions of section *nine,* section *ten,* paragraph (c) of the proviso to sub-section (1) of section *ninety* and section *one hundred and two* of this Ordinance no co-operative agricultural society or company may deal with the products or livestock of, or supply farming requisites to, or, except for the purpose of supply to its members, purchase any products or livestock from, or perform such other services as its regulations provide for members for any person who is not a member of that society or company, unless the Administrator has given his consent thereto in writing on such conditions or for such period as he may determine.

**7.** (1) A farmers' special co-operative company with limited liability may, subject to the provisions of this Ordinance, be formed for all or any of the following objects:—

(a) to carry on the business of dealers in agricultural products or livestock under a co-operative system;

(b) om landbou- of lewende-haweprodukte te verwerk of bewerk en om die aldus verwerkte of gedeeltelik verwerkte produkte volgens 'n koöperatiewe stelsel van die hand te sit;

(c) om landbougereedskap en -masjinerie, lewende hawe, voedingstowwe, saad, vrugtebome, misstowwe en ander boerderybenodigdhede aan te koop of op ander wyse te verkry en van die hand te sit;

(d) om voedingstowwe, misstowwe of ander boerderybenodigdhede te vervaardig of te bewerk;

(e) om landbougereedskap en -masjinerie aan te koop of op ander wyse te verkry of te huur, en te gebruik;

(f) om aanteelvee aan te koop of op ander wyse te verkry of te huur, en te gebruik en te beheer;

(g) om volgens 'n koöperatiewe stelsel winkels te verkry, te open en aan te hou om landbou- en lewende-haweprodukte, landbougereedskap en -masjinerie en boerderybenodigdhede van die hand te sit en te lewer;

(h) om koelkamers vir landbou- of lewende-haweprodukte aan te koop, te bou of op ander wyse te verkry, of te huur, en beskikbaar te stel;

(i) om bespuiting of skoonmaak van boomgaarde, verpakking van vrugte, ploeg- en ander boerderywerksaamhede volgens 'n koöperatiewe stelsel te onderneem en voort te sit;

(j) om volgens 'n koöperatiewe stelsel verskepings-, uitklarings- en versendingswerk te verrig en om vir daardie doel agentskappe in die Gebied en elders te stig;

(k) om bekwame persone aan te stel om sy doeleindes uit te voer en sy lede en andere met advies te dien aangaande boerdery;

(l) om inligting in te win en te versprei aangaande die beste manier om op voordelige wyse te boer;

(m) om inligting aangaande die wêreldmarke en aangaande koöperasie in die algemeen in te win en te versprei;

(n) om roerende en onroerende goed te verkry deur aankoop of op ander wyse, en te huur, ten einde een of ander doel van die maatskappy beter te kan uitvoer, en om sulke goed van die hand te sit of te verhuur;

(o) om enigeen van of al die doeleindes hierbo vermeld uit te voer, hetsy as prinsipaal, agent, kurator, of kontrakteur, of in enige ander hoedanigheid;

(p) om geld op lening op te neem vir enigeen van die wettige doeleindes van die maatskappy en te dien einde die roerende en onroerende goed van die maatskappy te verhipotekeer;

(q) om versekering van oeste, produkte, lewende hawe en landbougereedskap en -masjinerie volgens 'n koöperatiewe stelsel te onderneem en voort te sit, of om as agent vir enige van sy lede ten opsigte van sodanige versekering op te tree;

(r) om deur aankoping of op ander wyse aandele te verwerf in 'n sentrale of federale koöperatiewe landboumaatskappy of 'n sentrale of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy opgerig kragtens die bepalings van Hoofstuk VI van hierdie Ordonnansie, of in 'n ander koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid of 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid geregistreer ingevolge hierdie Ordonnansie of in 'n deur die Administrateur goedgekeurde koöperatiewe handelsvereniging of sentrale of federale koöperatiewe handelsmaatskappy; en

(s) om alle ander dinge te doen wat volgens oordeel van die Administrateur aan die verwesenliking van bovermelde doeleindes verbonde is of daartoe sal bydra.

(2) Die totaalbedrag van —

(a) die gesamentlike bedrag waarvoor gedurende 'n boekjaar landbouprodukte en lewende hawe gekoop word deur 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy van persone wat nie lede daarvan is nie;

(b) die gesamentlike bedrag waarvoor gedurende daardie boekjaar boerderybenodigdhede deur bedoelde maatskappy verkoop word aan persone wat nie lede daarvan is nie; en

(c) die gesamentlike waarde van die dienste verrig gedurende daardie boekjaar deur bedoelde maatskappy ten behoewe van persone wat nie lede daarvan is nie,

mag nie, sonder skriftelike toestemming van die Administrateur, die totaalbedrag te bowe gaan nie van die gesamentlike bedrag van sulke aankope van, die gesamentlike bedrag van sulke verkopings aan, en die gesamentlike waarde van sulke dienste ten behoewe van lede deur bedoelde maatskappy in die loop van daardie boekjaar.

(b) to manufacture or treat agricultural or livestock products and to dispose of the products so manufactured or partly manufactured under a co-operative system;

(c) to purchase or otherwise acquire and to dispose of agricultural implements and machinery, livestock, feeding stuffs, seeds, fruit trees, manure and other farming requisites;

(d) to manufacture or treat feeding stuffs, manure or other farming requisites;

(e) to purchase or otherwise acquire or to hire and to work agricultural implements and machinery;

(f) to purchase or otherwise acquire or to hire and to use and control breeding stock;

(g) to acquire, commence and carry on supply stores under a co-operative system for disposing of and supplying agricultural and livestock products, agricultural implements and machinery and farming requisites;

(h) by purchase, construction or otherwise to acquire or to hire and make available cold storage for agricultural or livestock products;

(i) to commence and carry on orchard spraying or cleansing, fruit packing, ploughing and other farming operations under a co-operative system;

(j) to carry on the business of shipping, clearing and forwarding under a co-operative system, and for that purpose to establish agencies in the Territory and elsewhere;

(k) to engage competent persons to carry out any of its objects and to give advice to its members and others on farming operations;

(l) to acquire and distribute information as to the best manner of carrying on farming operations profitably;

(m) to acquire and distribute information on the markets of the world, and on co-operation in general;

(n) to acquire by purchase or otherwise, and to hire, movable and immovable property for the better carrying on of any of the objects of the company, and to dispose of or let such property;

(o) to carry out all or any of the above objects either as principal, agent, trustee, contractor or in any other capacity;

(p) to raise money on loan for any of the lawful objects of the company and for that purpose to mortgage the movable and immovable property of the company;

(q) to commence and carry on under a co-operative system the insurance of crops, produce, livestock and agricultural implements and machinery, or to act as the agent of any of its members in respect of such insurance;

(r) to acquire by purchase or otherwise shares in any central or federal co-operative agricultural company or any central or federal farmers' special co-operative company formed under the provisions of Chapter VI of this Ordinance, or in any other co-operative agricultural company with limited liability or farmers' special co-operative company with limited liability registered under this Ordinance, or in any co-operative trading society or central or federal co-operative trading company approved by the Administrator; and

(s) to do all such other things as in the opinion of the Administrator are incidental or conducive to the attainment of any of the above-mentioned objects.

(2) The sum of—

(a) the aggregate amount for which agricultural products and livestock are purchased during any financial year by a farmers' special co-operative company from persons who are not members thereof;

(b) the aggregate amount for which farming requisites are sold during that financial year by that company to persons who are not members thereof; and

(c) the aggregate value of the services rendered during that financial year by that company to persons who are not members thereof,

shall not, except with the Administrator's written consent exceed the sum of the aggregate amount of such purchases from, the aggregate amount of such sales to, and the aggregate value of such services to, members during that financial year by that company.

(3) 'n Spesiale koöperatiewe boeremaatskappy is nie bevoeg om die wins, of 'n deel daarvan, wat ontstaan as gevolg van sy werksaamhede in die loop van enige boekjaar, onder persone wat nie lede van die maatskappy is nie te verdeel nie.

8. By die toepassing van artikels *ses* en *sewe*, tensy die regulasies van die betrokke vereniging of maatskappy anders bepaal, beteken—

„van die hand te sit" (met betrekking tot landbouprodukte of lewende hawe) en „aan te koop of op ander wyse te verkry" (met betrekking tot landbougereedskap en -masjinerie, lewende hawe of aanteelvee, voedingstowwe, saad, vrugtebome, misstowwe en ander boerderybenodigdhede), ook te ontvang en te bewaar, agentskappe te stig in die Gebied en in ander lande, vrag en verskeping te reël, en vervoer op land te reël, kontrakte aan te gaan, en die nakoming van verpligtings kragtens kontrakte te waarborg;

„landbougereedskap en -masjinerie", ook voertuie bedoel om deur diere getrek te word of meganies voortbeweeg te word, en ingerig of bestem vir die vervoer van persone of goedere, en onderdele en toebehore van sulke voertuie;

„boerderybenodigdhede", ook brandstof en smeergoed en olie bestem vir gebruik in verband met voertuie bedoel in die laasvoorafgaande woordomskrywing.

9. Wanneer die doeleindes van 'n koöperatiewe landbouvereniging of koöperatiewe landboumaatskappy of spesiale koöperatiewe boeremaatskappy bestaan uit transaksies wat in artikel *ses* of artikel *sewe*, al na die geval, beskrywe word, word dergelike transaksies met ander koöperatiewe landbouverenigings of koöperatiewe landboumaatskappye of spesiale koöperatiewe boeremaatskappye geag onder sy wettige doeleindes inbegrepe te wees.

10. (1) Wanneer 'n koöperatiewe landbouvereniging of -maatskappy of spesiale koöperatiewe boeremaatskappy onder meer ten doel het om ten behoewe van sy lede enige soort produkte of lewende hawe van die hand te sit, word dit een van die wettige doeleindes van bedoelde vereniging of maatskappy geag om ook sodanige produkte of lewende hawe wat die eiendom van die regering is of wat voortgebring of geteel is in 'n inrigting of op grond wat deur die regering beheer word (hierna genoem 'n regeringsinrigting) van die hand te sit.

(2) Wanneer met produkte of lewende hawe wat die eiendom van die regering of in 'n regeringsinrigting voortgebring of geteel is, gehandel word ingevolge subartikel (1), dan is die regering, wat betref die lewering van die produkte of lewende hawe aan en die verkoop daarvan deur die betrokke vereniging of maatskappy, aan dieselfde voorwaardes en verpligtings onderworpe as wat dit sou gewees het as dit lid was van bedoelde vereniging of maatskappy: Met dien verstande dat, as die regulasies van 'n koöperatiewe landbouvereniging of -maatskappy of 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy bepaal dat sy lede ander vergoeding as geld moet ontvang vir produkte of lewende hawe deur hulle aan bedoelde vereniging of maatskappy gelewer om ten behoewe van hulle van die hand gesit te word, vir die produkte of lewende hawe aldus aan bedoelde vereniging of maatskappy gelewer uit 'n regeringsinrigting (hetsy dit aldus ingevolge subartikel (1) of 'n ander wet gelewer word) nietemin met geld betaal moet word.

11. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie, kan 'n koöperatiewe handelsvereniging met beperkte aanspreeklikheid vir een of meer van die volgende doeleindes opgerig word, te wete:

(a) om 'n besigheid of onderneming, deur sy regulasies veroorloof, te drywe volgens 'n koöperatiewe stelsel waarby die wins wat ontstaan as gevolg van sy werksaamhede onder sy lede verdeel word op die wyse bepaal in sy regulasies, nadat die voorsiening gemaak is vir reserwefondse of vir liefdadigheids-, weldadigheids-, opvoedkundige of ander dergelike doeleindes wat ooreenkomstig sy regulasies deur die lede goedgekeur mag word;

(b) om inligting aangaande die wêreldmarke en aangaande koöperatiewe handel in die algemeen in te win en te versprei;

(c) om in die Gebied en in ander lande agentskappe te stig ten einde een of ander doel van die vereniging beter te kan uitvoer;

(d) om roerende en onroerende goed te verkry deur aankoop of op ander wyse, en te huur, ten einde een of ander doel van die vereniging beter te kan uitvoer, en om sulke goed van die hand te sit of te verhuur;

(e) om geld op lening op te neem vir enigeen van die wettige doeleindes van die vereniging en te dien einde die roerende en onroerende goed van die vereniging te verhipotekeer;

(3) It shall not be competent for a farmers' special co-operative company to distribute the gain, or any part thereof, resulting from its operations during any financial year, amongst persons who are not members of the company.

8. For the purposes of sections *six* and *seven*, unless otherwise provided in the regulations of the society or company concerned—

"to dispose of" (in relation to agricultural products or livestock) and "to purchase or otherwise acquire" (in relation to agricultural implements and machinery, livestock or breeding stock, feeding stuffs, seeds, fruit trees, manure and other farming requisites) include receiving and storing, establishing agencies in the Territory and other countries, arranging freight and shipping and arranging transport by land, entering into contracts, and guaranteeing the performance of obligations under contract;

"agricultural implements and machinery" includes vehicles designed to be drawn by animals or to be mechanically propelled and adapted or intended for the conveyance of persons or goods, and parts and accessories of any such vehicles;

"farming requisites" includes fuel and grease and oil intended for use in connection with any such vehicles as are referred to in the last preceding definition.

9. Whenever any of the objects of a co-operative agricultural society or co-operative agricultural company or farmers' special co-operative company are such dealings as are described in section *six* or section *seven*, as the case may be, similar dealings with other co-operative agricultural societies or co-operative agricultural companies or farmers' special co-operative companies shall be deemed to be included among its lawful objects.

10. (1) Whenever a co-operative agricultural society or company or farmers' special co-operative company has as one of its objects the disposal on behalf of its members of any kind of produce or livestock, the disposal of any such produce or livestock which is owned by the Government or which has been produced or raised in an institution or on land controlled by the Government (hereinafter referred to as a Government-owned institution) shall be deemed to be one of the lawful objects of such society or company.

(2) Whenever any produce or livestock owned by the Government or produced or raised in a Government-owned institution is dealt with under sub-section (1), the Government shall, in respect of the delivery of such produce or livestock to, and the sale thereof by the society or company concerned, be subject to all such conditions and obligations as it would have been subject to had it been a member of such society or company: Provided that if the regulations of any co-operative agricultural society or company or farmers' special co-operative company provide that its members shall receive any other consideration than money for any produce or livestock supplied by them to such society or company for disposal on their behalf, the produce or livestock so supplied to such society or company from any Government-owned institution (whether so supplied under sub-section (1) or any other law) shall nevertheless be paid for in money.

11. (1) A co-operative trading society with limited liability may, subject to the provisions of this Ordinance, be formed for all or any of the following objects:—

(a) to carry on any business or undertaking authorized by its regulations, under a co-operative system whereby the gain resulting from its operations is distributed amongst its members in the manner provided by its regulations, after making such provision for reserves, or for charitable, benevolent, educational or other similar objects as may be approved by its members in accordance with its regulations;

(b) to acquire and distribute information as to the markets of the world and as to co-operative trading in general;

(c) to establish agencies in the Territory and other countries for the better carrying on of any of the objects of the society;

(d) to acquire by purchase or otherwise, and to hire, movable and immovable property for the better carrying on of any of the objects of the society, and to dispose of or let such property;

(e) to raise money on loan for any of the lawful objects of the society, and for that purpose to mortgage the movable and immovable property of the society;

(ii) in die geval van 'n koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid, of 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid, of 'n koöperatiewe handelsvereniging met beperkte aanspreeklikheid, die volle name en adresse en, in die geval van 'n koöperatiewe landboumaatskappy of 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy, ook die beroepe van die applikante vir lidmaatskap, en die getal aandele waarvoor elkeen van hulle ingeteken het;

(e) 'n lys met besonderhede van uitgawes en skulde deur die vereniging of maatskappy gemaak tot op die datum waarop die aansoek om registrasie aan die registrateur gestuur word;

(f) 'n lys aantonende die datum waarop elke aansoek om lidmaatskap gedoen is en, in die geval van 'n vereniging of maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, die bedrag deur elke applikant vir lidmaatskap betaal op die aandele waarvoor hy ingeteken het;

(g) die kennisgewing wat ingevolge artikel *honderd-en-vyf* gegee moet word van die adres van die geregistreerde kantoor van die vereniging of maatskappy.

(3) Ingeval van versuim om te voldoen aan die bepalings van subartikel (1) is elke direkteur en elke beampte van die vereniging of maatskappy aan 'n misdryf skuldig en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond.

**14.** (1) Die Administrateur kan deur kennisgewing in die *Offisiële Koerant* modelregulasies, wat nie met hierdie Ordonnansie teenstrydig is nie, voorskrywe vir—

(a) koöperatiewe landbouverenigings; of
(b) koöperatiewe landboumaatskappye; of
(c) spesiale koöperatiewe boeremaatskappye; of
(d) koöperatiewe handelsverenigings.

(2) 'n Vereniging of maatskappy ten opsigte waarvan registrasie ingevolge hierdie Ordonnansie voorgestel word, kan enigeen van of al die aldus voorgeskrewe modelregulasies wat dan van krag is as sy regulasies aanneem.

(3) Wanneer 'n vereniging of maatskappy kragtens hierdie Ordonnansie geregistreer is, word die aldus voorgeskrewe modelregulasies wat dan van krag is, vir sover die regulasies vir registrasie aangebied nie daarmee onbestaanbaar is of hulle uitsluit of wysig nie, geag deel uit te maak van die regulasies van daardie vereniging of maatskappy, op dieselfde wyse en in dieselfde mate asof hulle in die aangebode regulasies vervat was.

(2) The acts done by any meeting of such committee shall, notwithstanding any defect that may afterwards be discovered in the appointment or qualification of any member of such committee, be as valid as if no such defect existed.

**34.** Every society or company shall, within one month after each annual general meeting, transmit to the registrar a list containing the names and addresses of the members who, at the date of the transmission of the return are the directors of the society or company; and every society or company shall, within one month after the occurrence of any change in the names and addresses of directors advise the registrar in writing of such change.

**35.** Unless it is otherwise provided in the regulations of the society or company, the financial year shall be from the first day of July to the thirtieth day of June next ensuing, both days inclusive.

**36.** (1) A general meeting of every society or company shall be held within six months after the close of the society's or company's financial year for the purpose of considering and dealing with the financial position and the balance sheet and statement of accounts of the society or company, and for the election of directors and auditor, and for general business. Such meeting shall be called the annual general meeting and shall be held at such convenient place and time as may be prescribed by the board.

**39.** (1) In die geval van 'n koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid, 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid en 'n koöperatiewe handelsvereniging met beperkte aanspreeklikheid het elke lid een stem: Met dien verstande dat, indien die regulasies van die maatskappy of vereniging dit toelaat, elke lid ingeval van 'n hoofdelike stemming geregtig is op 'n addisionele stem of stemme bereken volgens die waarde van die besigheid wat hy met die maatskappy of vereniging in die loop van 'n deur of kragtens die regulasies van die maatskappy of vereniging te bepale tydperk verrig het; en die aantal van sodanige addisionele stemme (hoogstens vier vir elke lid) en die prosedure wat gevolg moet word by die toekenning daarvan word deur die regulasies van die maatskappy of vereniging voorgeskrywe; en, indien die regulasies van die maatskappy of vereniging wel daartoe magtiging verleen, word alle bepalings van hierdie Ordonnansie, waarby 'n meerderheid van lede vir die beslissing oor enige saak voorgeskryf word, by toepassing daarvan op daardie maatskappy of vereniging uitgelê asof hulle dieselfde meerderheid van stemme vir die beslissing oor daardie saak voorskryf.

(2) By 'n hoofdelike stemming kan lede hul stemme in eie persoon uitbring of as die regulasies van sodanige maatskappy of vereniging dit toelaat, deur middel van 'n gevolmagtigde: Met dien verstande dat niemand as 'n gevolmagtigde mag optree nie tensy hy lid is van die vereniging of maatskappy of lid is van 'n vereniging of maatskappy wat lid is van die vereniging of maatskappy: Met dien verstande, voorts, dat niemand op 'n vergadering as gevolmagtigde van meer as sewe lede kan optree nie.

**40.** 'n Persoon is nie bevoeg om op 'n algemene vergadering van 'n sentrale of federale maatskappy as die verteenwoordiger van 'n lid van bedoelde sentrale of federale maatskappy op te tree nie, tensy hy óf —

(a) 'n lid is van 'n vereniging of maatskappy, wat regstreeks of onregstreeks deur tussenkoms van 'n vereniging of maatskappy (hetsy sentrale, federale of andersins) 'n lid is van die maatskappy wat die vergadering hou; óf

(b) 'n lid is van 'n vereniging van persone wat boerdery beoefen, wat lid is van 'n koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid of 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid, en wat regstreeks of onregstreeks deur tussenkoms van 'n maatskappy (hetsy sentrale, federale of andersins) lid is van die maatskappy wat die vergadering hou.

**41.** (1) Tensy die onderwerp vir oorweging op 'n algemene vergadering van 'n vereniging of maatskappy die ontbinding daarvan is of 'n verkorting van die tydperk waarvoor dit bestaan, word die hou van twee of meer algemene vergaderings op verskillende plekke en op dieselfde datum of op verskillende datums beskou as die hou van een algemene vergadering, indien—

(a) aan die bepalings van hierdie Ordonnansie betreffende die hou van algemene vergaderings voldoen word in alle ander opsigte op en met betrekking tot elkeen van die vergaderings, behalwe soos spesiaal bepaal word in subartikel (4) van hierdie artikel;

(b) die aantal lede teenwoordig op al daardie vergaderings tesaam die kworum voorgeskrewe in subartikel (3) van artikel *sewe-en-dertig* bereik;

(c) die voorsitter van die direkteure of by sy afwesigheid een van die ander direkteure van die vereniging of maatskappy by elke sodanige vergadering voorsit; en

(d) die agenda aan elke sodanige vergadering voorgelê dieselfde is.

(2) Die voorsitter van elkeen van die vergaderings behalwe die laaste moet die voorsitter van die laaste van die vergaderings onverwyld verwittig van die aantal stemme uitgebring op elke item van die agenda op die vergadering waar hy voorgesit het. Die voorsitter van die laaste van die vergaderings voeg, vir die doel van die verklaring wat hy moet maak ingevolge subartikel (6) van artikel *sewe-en-dertig*, by die stemme wat op die vergadering waarop hy voorgesit het voor of teen elke punt op die agenda uitgebring is, die stemme uitgebring voor of teen (na gelang van die geval) daardie item op al die voorafgaande vergaderings.

(3) Die bepalings van hierdie artikel is nie op 'n vereniging of maatskappy, wat geen skriftelike verlof van die Administrateur ontvang het om twee of meer vergaderings te hou, soos beskryf in subartikel (1) van hierdie artikel, van toepassing nie. Die Administrateur verleen nie sodanige verlof nie, tensy die vereniging of maatskappy tot sy bevrediging bewys gelewer het dat die woonplekke van minstens eentiende van die lede van die vereniging of maatskappy dertig myl of verder geleë is van die geregistreerde kantoor van die vereniging of maatskappy. Die Administrateur kan so 'n skriftelike verlof intrek, maar die intrekking maak nie die verrigtings op 'n vergadering of vergaderings waarvan tydens die intrekking reeds kennis gegee is, ongeldig nie.

**39.** (1) In the case of a co-operative agricultural company with limited liability, a farmers' special co-operative company with limited liability and a co-operative trading society with limited liability every member shall have one vote: Provided that, if so authorized by the regulations of the company or society every member shall on a poll be entitled to an additional vote or votes based on the value of his business with the company or society during a period to be fixed by or in terms of the regulations of the company or society; and the number of such additional votes (not exceeding four for any one member) and the procedure to be observed in making the allotment thereof shall be as prescribed by the regulations of the company or society; and if the regulations of the company or society do so authorize, all provisions of this Ordinance prescribing a majority of members for the decision of any matter shall in their application to that company or society be construed as prescribing the same majority of votes for the decision of that matter.

(2) Members may, on a poll, give their votes either personally or, if so authorized by the regulations of such company or society, by proxy: Provided that no person shall act as a proxy unless he is a member of the society or company, or a member of a society or company which is a member of the society or company: Provided, further, that no person shall at any meeting act as proxy for more than seven members.

**40.** A person shall not be qualified to act at a general meeting of a central or federal company as the representative of a member of such central or federal company, unless he is either—

(a) a member of a society or company, which is directly or indirectly through an intermediary society or company (whether central, federal or otherwise) a member of the company holding the meeting; or

(b) a member of an association of persons carrying on farming operations, which is a member of a co-operative agricultural company with limited liability or a farmers' special co-operative company with limited liability, and which is directly or indirectly through an intermediary company (whether central, federal or otherwise) a member of the company holding the meeting.

**41.** (1) Unless the question for consideration at a general meeting of a society or company is the dissolution thereof, or a curtailment of the period of existence thereof, the holding of two or more general meetings at different places on the same date or on different dates shall be deemed to be the holding of one general meeting, if—

(a) the provisions of this Ordinance relating to the holding of any general meeting are complied with in all other respects at and as regards each of those meetings, save as is specially provided in sub-section (4) of this section;

(b) the number of members present at all such meetings reach in the aggregate the quorum prescribed by sub-section (3) of section *thirty-seven;*

(c) the chairman of the directors or, in his absence, one of the other directors of the society or company presides at each of such meetings; and

(d) the agenda presented to each such meeting are identical.

(2) The chairman of each such meeting, except the last, shall forthwith transmit to the chairman of the last such meeting information as to the number of votes recorded on each item of the agenda at the meeting at which he presided. The chairman of the last such meeting shall, for the purpose of the declaration to be made by him under sub-section (6) of section *thirty-seven* add to the votes given at the meeting at which he presided for or against on each item of the agenda the votes given for or against (as the case may be) on that item at all the preceding meetings.

(3) The provisions of this section shall not apply to any society or company which has not received a written permission from the Administrator to hold two or more meetings as described in sub-section (1) of this section. The Administrator shall not grant such permission unless the society or company has furnished proof to his satisfaction that the places of residence of at least one-tenth of the members of the society or company are distant thirty miles or more from the registered office of the society or company. The Administrator may withdraw any such written permission, but such withdrawal shall not invalidate the proceedings of any meeting or meetings of which notice has at the time of the withdrawal already been given.

(c) of die regulasies van die vereniging of maatskappy nagekom is.

**44.** (1) Indien die Administrateur oortuig is op 'n skriftelike versoek deur 'n vereniging of maatskappy dat die omvang of aard van sy besigheid in 'n bepaalde boekjaar nie die aanstelling van 'n persoon beskrywe in subartikel (1) van artikel *drie-en-veertig* noodsaak om die rekenings van die vereniging of maatskappy te ouditeer nie, kan die Administrateur enige geskikte persoon aanstel om die oudit uit te voer teen 'n besoldiging deur hom vasgestel. Sodanige besoldiging word deur die vereniging of maatskappy betaal.

(2) Elke aldus aangestelde persoon het die bevoegdhede bepaal in subartikel (9) van genoemde artikel en moet die bepalings van subartikel (10) daarvan nakom.

**45.** (1) Die raad moet, minstens drie weke voor die datum vasgestel vir die jaarlikse algemene vergadering, die balansstaat en wins- en verliesrekening tot aan die einde van die vorige boekjaar van die vereniging of maatskappy opmaak in 'n vorm wat die Administrateur mag voorskryf.

(2) Bedoelde balansstaat en wins- en verliesrekening, onderteken deur 'n meerderheid van direkteure en deur die ouditeur van die vereniging of maatskappy, indien hy dit goedgekeur het na ondersoek van die rekenings van die vereniging of maatskappy, word tesame met die verslag wat deur die ouditeur ingevolge subartikel (10) van artikel *drie-en-veertig* uitgebring is, aan elke lid gestuur met die kennisgewing van bedoelde algemene vergadering, of anders, indien die regulasies van die vereniging of maatskappy sulks bepaal, kan bedoelde state en verslag deur lede ingesien word op sy kantoor vir 'n deur daardie regulasies te bepale tydperk.

(3) Bedoelde balansstaat en wins- en verliesrekening (onderteken soas voornoemd) en ouditeursverslag moet bowendien minstens veertien dae voor die datum vasgestel vir die jaarlikse algemene vergadering aan die registrateur gestuur word, en hulle moet ook op bedoelde vergadering voorgelees word, tensy die vergadering anders besluit.

(4) Enige persoon kan genoemde balansstaat, rekening en verslag op die kantoor van die registrateur insien na betaling van bedrae wat die Administrateur mag voorskrywe.

(5) Elke vereniging of maatskappy moet benewens genoemde balansstaat, rekening en verslag, die registrateur te eniger tyd op sy versoek voorsien van afskrifte van enige poel- of handelsrekening, behoorlik onderteken deur die ouditeur van die vereniging of maatskappy, en van enige ander inligting betreffende die bestuur en handelstransaksies van die vereniging of maatskappy. Die addisionele inligting aldus verstrek kan nie ingevolge subartikel (4) ingesien word nie.

**46.** (1) Elke kragtens hierdie Ordonnansie geregistreerde vereniging of maatskappy moet in die Afrikaanse of Engelse taal, boeke en dokumente hou wat duidelik en presies sy transaksies aantoon.

(2) Versuim 'n vereniging of maatskappy om aan subartikel (1) te voldoen, dan is die vereniging of maatskappy en elke persoon wat tydens die versuim 'n direkteur, bestuurder of ander beampte daarvan is (tensy hy bewys dat hy nie van die versuim geweet het nie) aan 'n misdryf skuldig en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond.

(3) Die rekeningboeke van 'n vereniging of maatskappy kan (behoudens sodanige redelike beperkings as wat die vereniging of maatskappy op 'n algemene vergadering mag oplê) gedurende besigheidsure ingesien word deur enige lid teen betaling van 'n bedrag van vyf sjielings of so 'n mindere bedrag as die vereniging of maatskappy in sy regulasies mag voorskrywe vir elke insage.

**47.** (1) Die Administrateur kan, met inagneming van die regsbepalings wat die staatsdiens van die Unie van Suid-Afrika beheer, beamptes aanstel wat inspekteurs van koöperatiewe verenigings genoem word.

(2) Iemand wat 'n boek of dokument betreffende 'n kragtens hierdie Ordonnansie geregistreerde vereniging of maatskappy onder sy beheer of in sy bewaring het, moet dit te aller tye beskikbaar hou vir insage deur 'n inspekteur van koöperatiewe verenigings of 'n persoon wat spesiaal deur die Administrateur daartoe benoem is (wat afskrifte daarvan kan maak of uittreksels daaruit kan neem), en dit is die plig van elke direkteur en ander beampte van bedoelde vereniging of maatskappy om alle inligtings waaroor hy beskik aangaande die vereniging of maatskappy te verstrek wat bedoelde inspekteur of ander persoon van hom mag vorder.

(3) Iedereen wat bedoel word in subartikel (2) en wat in gebreke bly om aan die voorskrifte van daardie subartikel te voldoen, en iedereen wat 'n inspekteur van koöperatiewe verenigings of 'n spesiaal deur die Administrateur kragtens daardie subartikel aangestelde persoon, belemmer of hinder

(c) whether the regulations of the society or company have been observed.

**44.** (1) If the Administrator is satisfied upon a written request by a society or company that the volume or nature of its business in any financial year does not necessitate the appointment of a person such as is described in sub-section (1) of section *forty-three* to audit the accounts of the society or company, the Administrator may appoint any suitable person to carry out the audit at a fee fixed by him. Such fee shall be paid by the society or company.

(2) Every person so appointed shall have the powers described in sub-section (9) of the said section and shall observe the provisions of sub-section (10) thereof.

**45.** (1) Not less than three weeks before the date fixed for the annual general meeting the board shall prepare the balance-sheet and profit and loss account made up to the close of the previous financial year of the society or company, in such form as may be prescribed by the Administrator.

(2) Such balance-sheet and profit and loss account signed by a majority of directors and by the auditor of the society or company, if approved by him after examination of the accounts of the society or company, shall together with the report made by the auditor in terms of sub-section (10) of section *forty-three* be transmitted to each member with the notice of such general meeting or, in the alternative, if it is so provided by the regulations of the society or company, such statements and report shall be open to inspection of members at its office for a period to be fixed by those regulations.

(3) Such balance-sheet and profit and loss account (signed as aforesaid) and auditor's report shall further be transmitted to the registrar at least fourteen days before the date fixed for the annual general meeting, and they shall also be read at such meeting unless the meeting otherwise decides.

(4) Any person may inspect the said balance-sheet, account and report at the office of the registrar on payment of such fees as may be prescribed by the Administrator.

(5) In addition to the said balance-sheet, account and report, every society or company shall furnish the registrar, whenever required by him, with copies of any pool or trading account, duly signed by the auditor of the society or company and with any other information relating to the management and trading activities of the society or company. The additional information so supplied shall not be open to inspection in terms of sub-section (4).

**46.** (1) Every society or company registered under this Ordinance shall keep in the Afrikaans or English language such books and documents as will show a clear and correct record of its transactions.

(2) If the society or company fails to comply with sub-section (1), the society or company, and every person who is a director, manager or other officer thereof during the time of the default (unless he proves that he was ignorant of the default), shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds.

(3) The books of account of any society or company shall during business hours (subject to such reasonable restrictions as the society or company may in general meeting impose) be open to the inspection of any member on payment of five shillings or such less sum as the society or company may by its regulations prescribe for each inspection.

**47.** (1) The Administrator may, subject to the law governing the public service of the Union of South Africa, appoint officers styled inspectors of co-operative societies.

(2) Any person having the charge or custody of any book or document relating to any society or company registered under this Ordinance shall at all times hold it available for inspection by any inspector of co-operative societies or any person specially appointed thereto by the Administrator (who may make copies thereof or take extracts therefrom), and it shall be the duty of every director and other officer of such society or company to furnish all such information at his disposal concerning the society or company as such inspector or other person may demand from him.

(3) Every person to whom sub-section (2) refers who fails to comply with the requirements of that sub-section, and every person who obstructs or hinders an inspector of co-operative societies or persons specially appointed by the

(f) die totale aantal ingetrokke aandele;
(g) die totale aantal verbeurde aandele;
(h) die bedrag van die reserwefonds;
(i) die bedrag van uitstaande lenings tydens die sluiting van die boekjaar.

(3) Genoemde lys en oorsig moet by voltooiing onverwyld aan die registrateur gestuur word deur die maatskappy of vereniging.

(4) Genoemde lys kan, ondanks die voorafgaande bepalings, met toestemming van die registrateur besonderhede bevat slegs van veranderings wat in die loop van vermelde boekjaar plaasgevind het: Met dien verstande dat so 'n toestemming nie ten opsigte van meer as vier opeenvolgende sodanige lyste verleen word nie.

(5) Versuim so 'n maatskappy of vereniging om te voldoen aan 'n vereiste van hierdie artikel, dan is elke direkteur, bestuurder of ander beampte van die maatskappy of vereniging wat wetens en willens die versuim magtig of toelaat, aan 'n misdryf skuldig en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond.

**50.** Elke koöperatiewe landbouvereniging met onbeperkte aanspreeklikheid hou op sy kantoor en ter insage deur sy lede op alle redelike tye—

(a) 'n volledige lys van sy lede met vermelding van die naam, beroep en adres van elke lid, die datum waarop elke lid lid geword het, en die datum waarop enige persoon opgehou het om lid te wees;

(b) die handtekening van elke lid;

(c) die sertifikaat van sy registrasie en 'n ware afskrif van sy regulasies met enige wysigings daarin aangebring en ingevolge hierdie Ordonnansie geregistreer; en

(d) 'n lys van die direkteure met vermelding van die naam en adres van elke direkteur.

**51.** (1) Elke koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid, spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid en koöperatiewe handelsvereniging met beperkte aanspreeklikheid hou op sy kantoor en ter insage van sy lede op alle redelike tye—

(a) die sertifikaat van sy registrasie en 'n ware afskrif van sy regulasies met enige wysigings daarin aangebring en ingevolge hierdie Ordonnansie geregistreer;

(b) 'n lys van die direkteure met vermelding van die naam en adres van elke direkteur;

(c) in een of meer registers 'n lys van sy lede, met vermelding van—

(i) die naam, adres en, in die geval van koöperatiewe landboumaatskappye of spesiale koöperatiewe boeremaatskappye, die beroep van elk lid;

(ii) die aandele in besit van elke lid, met die onderskeidende nommer van elke aandeel;

(iii) die bedrag op die aandele van elke lid opbetaal;

(iv) die datum waarop elke lid lid geword het;

(v) die datum waarop enige persoon opgehou het om lid te wees;

(vi) sodanige verdere besonderhede as die regulasies mag voorskrywe.

**52.** Versuim 'n koöperatiewe landbouvereniging om te voldoen aan die bepalings van artikel *vyftig*, of 'n koöperatiewe landboumaatskappy of spesiale koöperatiewe boeremaatskappy of koöperatiewe handelsvereniging om te voldoen aan die bepalings van artikel *een-en-vyftig*, dan is elke direkteur, bestuurder of ander beampte van die vereniging of maatskappy (na gelang van die geval) wat die versuim wetens en willens magtig of toelaat, aan 'n misdryf skuldig en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond.

## HOOFSTUK VI.

## OPRIGTING VAN SENTRALE EN FEDERALE KOÖPERATIEWE MAATSKAPPYE MET BEPERKTE AANSPREEKLIKHEID.

**53.** (1) Enige aantal kragtens hierdie Ordonnansie geregistreerde koöperatiewe landbouverenigings met onbeperkte aanspreeklikheid, koöperatiewe landboumaatskappye met beperkte aanspreeklikheid en spesiale koöperatiewe boeremaatskappye met beperkte aanspreeklikheid, kan gesamentlik 'n sentrale koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid of 'n sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid oprig.

(2) Na die registrasie van so 'n sentrale koöperatiewe landboumaatskappy of sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy is—

(f) the total number of shares cancelled:
(g) the total number of shares forfeited:
(h) the amount of the reserve fund;
(i) the amount of loans outstanding at the close of the said financial year.

(3) The said list and summary shall upon its completion be forthwith transmitted by the company or society to the registrar.

(4) Notwithstanding the foregoing provisions the said list may with the consent of the registrar contain particulars of only such changes as occurred during the said financial year: Provided that such consent shall not be given in respect of more than four consecutive such lists.

(5) If such company or society makes default in complying with any requirement of this section, every director, manager or other officer of the company or society who knowingly and wilfully authorizes or permits the default shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds.

**50.** Every co-operative agricultural society with unlimited liability shall keep at its office and open to inspection of its members at all reasonable hours—

(a) a complete list of its members showing the name, address, and occupation of each member, the date at which each member became a member, and the date at which any person ceased to be a member;

(b) the signature of each member;

(c) the certificate of its registration and a correct copy of its regulations with any alterations therein made and registered under this Ordinance; and

(d) a list of the directors showing the name and address of each director.

**51.** Every co-operative agricultural company with limited liability, farmers' special co-operative company with limited liability and co-operative trading society with limited liability shall keep at its office and open to inspection of its members at all reasonable hours—

(a) the certificate of its registration and a correct copy of its regulations with any alteration therein made and registered under this Ordinance;

(b) a list of the directors showing the name and address of each director;

(c) in one or more registers, a list of its members, showing—

(i) the name, address and, in case of co-operative agricultural companies or farmers' special co-operative companies, occupation of each member;

(ii) the shares held by each member, distinguishing each share by its number;

(iii) the amount paid on the shares of each member;

(iv) the date at which each member became a member;

(v) the date at which any person ceased to be a member;

(vi) such further particulars as the regulations may prescribe.

**52.** If any co-operative agricultural society fails to comply with the provisions of section *fifty*, or any co-operative agricultural company or farmers' special co-operative company or co-operative trading society fails to comply with the provisions of section *fifty-one*, every director, manager or other officer of the society or company (as the case may be), who knowingly and wilfully authorizes or permits the default, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds.

## CHAPTER VI.

## FORMATION OF CENTRAL AND FEDERAL CO-OPERATIVE COMPANIES WITH LIMITED LIABILITY.

**53.** (1) Any number of co-operative agricultural societies with unlimited liability, co-operative agricultural companies with limited liability and farmers' special co-operative companies with limited liability, registered under this Ordinance, may jointly form a central co-operative agricultural company with limited liability or a central farmers' special co-operative company with limited liability.

(2) After the registration of any such central co-operative agricultural company or central farmers' special co-operative company—

handelsvereniging met beperkte aanspreeklikheid opgerig kan word, soos bepaal in paragrawe (a) tot en met (e) en paragraaf (g) van subartikel (1) van artikel *elf*, inbegrepe die verwerwing deur aankoop of op ander wyse van aandele in enige ander kragtens hierdie Ordonnansie geregistreerde sentrale koöperatiewe handelsmaatskappy of federale koöperatiewe handelsmaatskappy of in 'n deur die Administrateur goedgekeurde buitelandse maatskappy.

(4) By die toepassing van hierdie artikel beteken 'n „buitelandse maatskappy" 'n maatskappy, agentskap of inrigting wat in 'n ander land as die Gebied geregistreer of met regspersoonlikheid beklee is ingevolge die wette van daardie land en wat dieselfde of dergelike doeleindes het as dié van 'n koöperatiewe handelsvereniging geregistreer ingevolge hierdie Ordonnansie.

55. (1) Enige aantal kragtens hierdie Ordonnansie geregistreerde sentrale of federale koöperatiewe landboumaatskappye of sentrale of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappye, kan gesamentlik 'n federale koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid of 'n federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid oprig.

(2) Na die registrasie van so 'n federale koöperatiewe landboumaatskappy of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy, is—

(a) 'n kragtens hierdie Ordonnansie geregistreerde sentrale of federale koöperatiewe landboumaatskappy of sentrale of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy;

(b) 'n kragtens hierdie Ordonnansie geregistreerde koöperatiewe landbouvereniging, koöperatiewe landboumaatskappy of spesiale koöperatiewe boeremaatskappy, vir die uitvoering van die doel waarvan geen sentrale koöperatiewe landboumaatskappy of sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy opgerig is nie;

(c) 'n deur die Administrateur goedgekeurde koöperatiewe landbouvereniging, koöperatiewe landboumaatskappy of sentrale of federale koöperatiewe landboumaatskappy geregistreer in die Unie van Suid-Afrika ingevolge die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, of 'n wysiging daarvan;

(d) 'n deur die Administrateur goedgekeurde maatskappy geregistreer in die Unie van Suid-Afrika, Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië of die Betsjoeanaland-Protektoraat; of

(e) in die geval van 'n federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy, 'n maatskappy wat as sulks kragtens een of ander wet met regspersoonlikheid beklee of geregistreer is of 'n vereniging van persone, hetsy met regspersoonlikheid beklee al dan nie, wat landbouprodukte en lewende hawe van 'n deur die Administrateur bepaalde soort, hanteer, behandel of van die hand sit, of 'n deur die Administrateur goedgekeurde landbou-assosiasie,

bevoeg om lid te wees van bedoelde federale koöperatiewe landboumaatskappy of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy.

(3) 'n Federale koöperatiewe landboumaatskappy of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy kan, behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie, opgerig word vir een of meer van die doeleindes waarvoor 'n kragtens hierdie Ordonnansie geregistreerde sentrale koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid of sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid opgerig kan word: Met dien verstande dat die verwerf van aandele in 'n sentrale koöperatiewe landboumaatskappy of 'n sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy nie geag word inbegrepe te wees onder die doeleindes waarvoor 'n federale koöperatiewe landboumaatskappy of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy opgerig kan word nie.

(4) Wanneer 'n doel van 'n federale koöperatiewe landboumaatskappy of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy bestaan uit transaksies wat in hierdie artikel beskrywe word, word dergelike transaksies met ander federale koöperatiewe landboumaatskappye of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappye geag onder sy wettige doeleindes inbegrepe te wees.

56. (1) Enige aantal kragtens hierdie Ordonnansie geregistreerde sentrale or federale koöperatiewe handelsmaatskappye met beperkte aanspreeklikheid kan gesamentlik 'n federale koöperatiewe handelsmaatskappy met beperkte aanspreeklikheid oprig.

(2) Na die registrasie van so 'n federale koöperatiewe handelsmaatskappy, is—

(a) 'n ingevolge hierdie Ordonnansie geregistreerde sentrale of federale koöperatiewe handelsmaatskappy;

with limited liability may be formed, as contained in paragraphs (a) to (e) inclusive, and paragraph (g) of subsection (1) of section *eleven*, including the acquisition by purchase or otherwise of shares in any other central co-operative trading company or federal co-operative trading company, registered under this Ordinance, or in any foreign company approved by the Administrator.

(4) For the purpose of this section a "foreign company" means a company, agency or institution, registered or incorporated in any country other than the Territory under the laws of such country, and which has objects the same as or similar to those of a co-operative trading society registered under this Ordinance.

55. (1) Any number of central or federal co-operative agricultural companies or central or federal farmers' special co-operative companies, registered under this Ordinance, may jointly form a federal co-operative agricultural company with limited liability or a federal farmer's special co-operative company with limited liability.

(2) After the registration of any such federal co-operative agricultural company or federal farmers' special co-operative company—

(a) any central or federal co-operative agricultural company or central or federal farmers' special co-operative company registered under this Ordinance;

(b) any co-operative agricultural society, co-operative agricultural company or farmers' special co-operative company registered under this Ordinance, for the carrying out of whose objects no central co-operative agricultural company or central farmers' special co-operative company is established;

(c) any co-operative agricultural society, co-operative agricultural company or central or federal co-operative agricultural company registered in the Union of South Africa under the Co-operative Societies Act, 1939, of the Parliament of the Union of South Africa or any amendment thereof, and approved by the Administrator;

(d) any company registered in the Union of South Africa, Southern Rhodesia, Northern Rhodesia or the Bechuanaland Protectorate and approved by the Administrator; or

(e) in the case of a federal farmers' special co-operative company, any company incorporated or registered as such under any law or any body of persons corporate or unincorporate handling, treating or disposing of classes of agricultural products and livestock, determined by the Administrator, or any agricultural association, approved by the Administrator,

shall be qualified to be a member of such federal co-operative agricultural company or federal farmers' special co-operative company.

(3) A federal co-operative agricultural company or federal farmers' special co-operative company may, subject to the provisions of this Ordinance, be formed for all or any of the objects for which a central co-operative agricultural company with limited liability or central farmers' special co-operative company with limited liability, registered under this Ordinance, may be formed: Provided that the acquisition of shares in a central co-operative agricultural company or a central farmers' special co-operative company shall not be deemed to be included among the objects for which a federal co-operative agricultural company or federal farmers' special co-operative company may be formed.

(4) Whenever any of the objects of a federal co-operative agricultural company or federal farmers' special co-operative company are such dealings as are described in this section, similar dealings with other federal co-operative agricultural companies or federal farmers' special co-operative companies shall be deemed to be included among its lawful objects.

56. (1) Any number of central or federal co-operative trading companies with limited liability, registered under this Ordinance, may jointly form a federal co-operative trading company with limited liability.

(2) After the registration of any such federal co-operative trading company—

(a) any central or federal co-operative trading company registered under this Ordinance;

teur daardie tydperk voor verstryking daavan kan verleng, en daarna die tydperk van tyd tot tyd, voor die datum waartoe 'n tydperk volgens hierdie voorbehoudsbepaling verleng is, verder kan verleng;

(c) wanneer die tydperk (as die genoem is) wat vir die duur van die vereniging of maatskappy in sy regulasies vasgestel is, verstryk het;

(d) wanneer die gebeurtenis (as die genoem is) waarna, volgens die bepalings van die regulasies, die vereniging of maatskappy gelikwideer of ontbind moet word, plaasvind;

(e) wanneer die Administrateur kragtens artikel *honderd-en-twaalf* 'n bevel uitvaardig dat die vereniging of maatskappy gelikwideer moet word.

(2) By die berekening van die ledetal van 'n koöperatiewe landbouvereniging of -maatskappy of 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy of 'n koöperatiewe handelsvereniging, vir die toepassing van paragraaf (a) van subartikel (1) van hierdie artikel of artikel *honderd-en-dertien*, word die getal lede nie geag deur die afsterwing van 'n lid verminder te wees nie, totdat twee maande verstryk het sedert die afsterwing. Ingeval die weduwee of 'n voordeeltrekkende uit die boedel van die oorlede lid met toestemming van die raad van direkteure voordat daardie tydperk verstryk lid word van die vereniging of maatskappy en die regte en verpligtings van die oorlede lid met betrekking tot die vereniging of maatskappy oorneem, dan word die ledetal van die vereniging of maatskappy nie geag deur die afsterwing van daardie oorlede lid verminder te wees nie.

**64.** Likwidasie van 'n vereniging of maatskappy word geag te begin—

(a) op die datum van aanname van die besluit wat likwidasie magtig, as die likwidasie vrywillig geskied;

(b) op die datum van uitvaardiging van die bevel waarby likwidasie van die vereniging of maatskappy gelas word (inbegrepe 'n bevel wat die vereniging of maatskappy in provisionele likwidasie plaas) indien likwidasie ingevolge die bepalings van artikel *twee-en-sestig* geskied;

(c) op die datum waarop 'n gebeurtenis voorval as die vereniging of maatskappy by so 'n voorval gelikwideer moet word, ingeval likwidasie ingevolge die bepalings van artikel *drie-en-sestig* geskied.

**65.** (1) Wanneer 'n besluit vir die likwidasie van 'n vereniging of maatskappy aangeneem is kragtens artikel *een-en-sestig* of 'n gebeurtenis voorgeval het by die voorval waarvan 'n vereniging of maatskappy ingevolge artikel *drie-en-sestig* gelikwideer moet word, moet die voorsitter van die direkteure van die vereniging of maatskappy binne veertien dae na die aanname van daardie besluit of die voorval van daardie gebeurtenis by die registrateur 'n deur hom en die sekretaris of bestuurder van die vereniging of maatskappy beëdigde verklaring indien—

(a) wat, indien die likwidasie kragtens artikel *een-en-sestig* plaasvind, 'n afskrif van bedoelde besluit bevat, en waarin vermeld word dat dit aangeneem is ooreenkomstig die bepalings van daardie artikel en die datum waarop dit aangeneem is; of

(b) waarin, indien die likwidasie kragtens artikel *drie-en-sestig* plaasvind, vermeld word watter gebeurtenis voorgeval het en op watter datum dit voorgeval het.

(2) Wanneer 'n bevel vir die likwidasie van 'n vereniging of maatskappy (inbegrepe 'n bevel wat die vereniging of maatskappy in provisionele likwidasie plaas) deur die geregshof uitgevaardig word, moet die registrateur van die geregshof onverwyld 'n oorspronklike duplikaat van die bevelskrif aan die registrateur stuur.

**66.** (1) Behalwe die beëdigde verklaring wat volgens subartikel (1) van artikel *vyf-en-sestig* deur die voorsitter van die direkteure van 'n vereniging of maatskappy by die registrateur ingedien moet word, moet die voorsitter ook, as die likwidasie kragtens artikel *een-en-sestig* of *drie-en-sestig* plaasvind, binne veertien dae nadat die likwidasie begin het 'n inventaris van alle goed (met inbegrip van uitstaande skulde) wat aan die vereniging of maatskappy behoort, asook 'n lys met besonderhede van al sy laste, op die datum waarop die likwidasie begin het, opmaak en by die registrateur indien. Elke sodanige inventaris en lys moet deur 'n beëdigde verklaring van die voorsitter en die sekretaris of bestuurder van die vereniging of maatskappy bevestig word.

(2) 'n Provisionele likwidateur moet binne veertien dae na sy aanstelling deur die hof 'n inventaris en lys, soas beskrywe in subartikel (1), opmaak en by die registrateur indien. Elke sodanige inventaris en lys moet deur 'n beëdigde verklaring van die provisionele likwidateur bevestig word.

the expiration of that period extend that period and thereafter may from time to time, before the date to which any period has been extended in terms of this proviso, further extend the period;

(c) when the period (if any) fixed for the duration of the society or company by its regulations expires;

(d) whenever the event (if any) occurs, upon the occurrence of which the regulations provide that the society or company is to be wound up or dissolved;

(e) whenever the Administrator makes an order under section *one hundred and twelve* for the winding-up of the society or company.

